Berg-en-Dal

# Wydingsdiens op Vrydag

## 3 April 2026



**"Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word,**
**het hulle Hom daar gekruisig – so ook die misdadigers, een aan sy regterhand en een aan sy linkerhand.**
**Toe sê Jesus:**
**'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.'"**
(Lukas 23:33-34)

Ons verwelkom u by ons erediens vanoggend.

KOM DIE KERKGEBOU EN RUIMTE <u>STIL</u> IN, EN NEEM U PLEK IN <u>STILTE</u> IN.

Die diens volg die liturgie soos hierna uiteengesit – geen aankondigings dus.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou u een benodig – u kan vooraf reeds die Skrifgedeelte (Lukas 23) en eerste liedere opsoek.

MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U SELFOON STIL GESTEL IS.

Ons nooi u nou alreeds ook uit na Sondagoggend se erediens – 'n viering (09:30).

## Weer onthou ons... die lyding, kruisiging en opstanding van Christus

Vanoggend – ná gisteraand en met die broodkrummels en wynvlek nog op die tafel voor – gedenk ons dit verder, dié drie vreemde dae: **Witte Donderdag**, gister, die dag van voorbereiding en reiniging vóór die fees, en van die Laaste Avondmaal; laasnag Jesus se gevangeneming in Getsemané. **Vaalgrys Vrydag**, die verhoor deur die Joodse Raad en Pilatus, die kruisiging op Golgota, laatmiddag die kruisafneming en begrafnis. **Stille Saterdag**, dag van rus en rou, maar – iewers daardie nag...
Saam met Christene wêreldwyd gaan ons liturgie wat gisteraand al begin het, vanoggend voort; 'n liturgie waarin ons diepste vrae en verlange na God opgeneem word; waardeur ons sáám bid en waartydens ons voor ons oë die gebreekte brood nog sien lê, die wynkelk sien staan. 'n Liturgie rondom Jesus se woorde daardie Vrydag aan die kruis, twee keer –

*"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie…*
*Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees."*
(Lukas 23:34 en 43).

## LITURGIE

**Stilte vir gebed**
**Klokgelui**

**Wydingsgebed** "Erbarme dich, mein Gott" (uit: Matteus Passie – JS Bach)
"Ontferm U, my God, sien my trane"
Solis: Matildie Wium

**Votumgebed:**
(uit Psalm 31)

Liturg: "By U, o Here, skuil ek.
Laat my nie vir altyd beskaamd staan nie,
bevry my deur u geregtigheid."

Gemeente: "Op U, Here, vertrou ek.
Ek sê: 'My tye is in u hand.'"

Liturg: "U is my rotsvesting en my bergskuiling;
wees my genadig, Here,
want ek is benoud."

Gemeente: "Op U, Here, vertrou ek.
In u hand gee ek my gees oor."

**Seëngroet**

**Aanbiddingslied:** "Smagtend soos in dorre streke" (Psalm 42:1 & 2, en 43:3)
(Beide tweede beryming, Lina Spies - staande)

**Gebed om die opening van die Woord**

**Eerste Skriflesing:** Lukas 22:66-71
**Lied:** "Hou nie gerig met my nie" (Psalm 143:1)

**Tweede Skriflesing:** Lukas 23:1-5
**Lied:** "Ek dink aan verre dae" (Psalm 143:2)

**Derde Skriflesing:** Lukas 23:6-12
**Lied:** "Ek skuil by U; bevry my" (Psalm 143:3)

**Vierde Skriflesing:** Lukas 23:13-25

**Voorlesing:** "Die vlieë" (Sheila Cussons, 1978)

Die vlieë vryf hul handjies joods
kletserig in hul skik
tussen die pasga-reste
van my wyn en my brood.

O vlieë van Galilea
op die oë van blindes, melaatses,
en op sy helende hande
en tussen die klewerige dorings.

As jy die jode se koning is
kom dan áf van die kruis!
maar iets gons in sy Agonie.
hou moed, soet Jesus, hou moed.

vandat U saam met Levi gedrink het
waar ons om die beker gedans het
weet ons U was God en Seun van God
en dit gaan bar wees in Galilea
sonder u Heerlike Huid –

Vaarwel, soet Jesus, onthou ons
as U aan die Regterhand sit
waaruit ons toe die wêreld begin het
óók, nietig en als, gevlieg het –

Die vlieë was hul handjies joods
volgens die voorskrif van Moses
wat Hy die haastige met slegs drie jaar
om 'n wêreld te reinig, geïgnoreer het.

**Lied:** "Is dit, is dít my Koning" (Lied 389:1)

**Vyfde Skriflesing:** Lukas 23:26-43

**Lied:** "Jesus, o dink aan my" (Lied 384 – Afr / Eng / Afr)

*"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"*

**Oordenking**

**Gebedslied:** "U vasgenaelde hande, u spiesverwonde sy" (Lied 387:3 en 4)

**Voorlesing van gebed:** "Jesus dies on the Cross" (Michel Quoist, 1954)

A few hours more, a few minutes more, a few instants more.
For thirty-three years it has been going on.
Now, you are there, at the end of your life, at the end of your road.
You are at the last extremity, at the edge of the precipice.
You must take the last step, the last step of love.
The last step of life that ends in death.
You are there, Lord, motionless on your Cross.
Let mortal flesh die, and make way for eternity.
Now, life slips from each limb, one by one, finding refuge in his heart.
Immeasurable heart, overflowing heart,
heart heavy as the world, the world of sins and miseries that it bears.
Lord, one more effort.
Mankind is there, waiting unknowingly for the cry of its Saviour.
Your brothers are there, they need you.
Your Father bends over you, already holding out his arms.
Lord, save us, save us.
See: He has taken his heavy heart, and, slowly, laboriously,
alone between heaven and earth, with passionate love, he has given all.
And in a cry, 'Father, into thy hands I commit my spirit.'
Christ has just died for us.
Lord, help me."

**Klavier:** "Die Seele ruht in Jesu Händen" (Kantate 127 JS Bach)
"My soul rests in the hands of Jesus"

**Sesde Skriflesing:** Lukas 23:44, 47-55

**Stroping van die liturgiese ruimte**
(Volgens 'n ou Christelike gebruik word die liturgiese ruimte nou gestroop van die reste van die Paasmaaltyd, die kandelaar en alle simbole en kleure as herinnering aan die begrafnis van ons Here Jesus en die stille, droewe verslaentheid wat daarop gevolg het.)

**Stilte**

**En die besef:** "Christ has no body but yours..."
(Theresa van Avila / D Odgen / Matildie Wium)

**Hierna verlaat ons die kerkgebou in stilte.**